

BESIGHEIDSTUDIES

GRAAD 10

Olimpiade Vraestel

Ronde Een

Punte: 30

Tyd: 1 uur

Datum: 11 Mei 2022

Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
Slegs een antwoord is korrek.
Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!



PROVERTO EMS OLIMPIADE 2022- GRAAD 10

BESIGHEIDSTUDIES

KIES DIE MEES KORREKTE OPSIE VIR VRAE 1 TOT 30.

BESIGHEIDSOMGEWINGS

1. 'n Besigheid het baie doelwitte wat die onderneming wil bereik. 'n Doelwit is:
 - A om 'n prentjie te hê van waar die besigheid in die toekoms wil wees.
 - B die werklike prestasie van die besigheid.
 - C haalbare teikens wat help om die besigheidsaktiwiteite in die rigting van die missiestelling te koördineer.
 - D veranderlikes in die besigheid wat 'n positiewe of negatiewe uitwerking op die groei en voortbestaan van die besigheid het.

2. Waarom vorm vakbonde deel van die markomgewing en nie die makro-omgewing nie?
 - A Vakbonde is nie onder besighede se beheer nie.
 - B Vakbonde het geen sê oor hoe besighede funksioneer nie.
 - C Vakbonde het nie 'n direkte invloed op die besigheid nie.
 - D Vakbonde kan deur middel van goeie sakepraktyke beïnvloed word.

3. Watter een van die volgende vorm NIE deel van die markomgewing nie?
 - A Mededingers
 - B Tussengangers
 - C Werknemers
 - D Verskaffers

4. Watter een van die volgende is 'n effek wat werkloosheid op die ekonomiese omgewing sal hê?
 - A Verlaagde besteding en laer vlakke van uitset.
 - B Verhoogde besteding en hoër vlakke van uitset.
 - C Verhoogde besteding en laer vlakke van uitset.
 - D Verlaagde besteding en hoër vlakke van uitset.

5. Indien Suid-Afrika se verbruikersinflasiekoers die boonste perk van die 3 tot 6 persent teiken oorskry sal die rentekoers heel waarskynlik styg. Watter organisasie bepaal die rentekoers in Suid-Afrika?
 - A Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB)
 - B Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID)
 - C Geoktrooieerde Rekenmeester Suid-Afrika (SAIGR)
 - D Besigheidsraad van Suid-Afrika (BRSA)

6. Die unieke patroon van gedeelde aannames, waardes en norme wat die sosialiseringssake, taal en seremonies van 'n organisasie vorm, staan bekend as die _____ van die organisasie.
- A kultuur
 - B visie
 - C missie
 - D doelwitte
7. Maslow se hiërargie van behoeftes is nuttig vir die bepaling van watter produkte en dienste spesifieke kliente moontlik wil hê. Watter behoeftes het hy onderaan die hiërargie geplaas?
- A Veiligheids- en sekuriteitsbehoefte.
 - B Gevoel van behoort en sosiale aanvaarding.
 - C Fisiologiese behoeftes.
 - D Aansien, status en liefde.
8. Alle besighede staar kompeterende kragte in die gesig. Die kragte staan ook bekend as:
- A Franklin en Smith se mededingende kragte.
 - B Thornton se mededingende kragte.
 - C Porter se ses kragte.
 - D Norton se vyf kragte.
9. Van watter omgewing vorm die wisselkoers 'n deel?
- A Mikro
 - B Mark
 - C Makro
 - D Interne
10. 'n SSGB-analise is gedoen en die besigheid het 'n bedreiging geïdentifiseer. Watter een van die volgende kan as 'n bedreiging gesien word?
- A Die aanstelling van 'n bestuurder wat nie gekwalifiseerd is nie.
 - B 'n Afname in likiditeit.
 - C 'n Moontlike ekonomiese resessie.
 - D Lae personeelomset.
11. 'n Besigheid se visie word deur _____ saamgestel en vorm deel van die _____ omgewing.
- A laevlakbestuur, mark-
 - B middelvlakbestuur, mikro-
 - C topbestuur, mikro-
 - D topbestuur, makro-

ONDERNEMINGSFUNKSIES

12. Voorraad is 'n bate vir 'n besigheid en daarom is voorraadbeheer 'n belangrike taak van die _____ funksie.
- A aankoop
 - B finansiële
 - C menslike kapitaal
 - D bemarkings-
13. Watter een van die volgende vorm NIE deel van die basiese bemarkingsmengsel nie?
- A Plek
 - B Produk
 - C Prys
 - D Personeel
14. Beskryf die rol van bemarking in 'n onderneming.
- A Om goedere van 'n goeie gehalte te produseer.
 - B Om verhoudings tussen kliënte en die onderneming te vestig.
 - C Om data na inligting om te skakel.
 - D Om finansiële rekords van alle transaksies te hou.
15. Watter besigheidsfunksie is verantwoordelik vir alle rekordhouding wat bestuur met die besluitnemingsproses sal help?
- A Algemene bestuursfunksie.
 - B Finansiële funksie.
 - C Administratiewe funksie.
 - D Menslike Hulpbronne funksie.
16. Uitkontraktering is:
- A die proses waarmee die bedreigings van die eksterne omgewing uitgeskakel word.
 - B die gebruik van 'n eksterne onderneming of konsultant om werk vir die besigheid te doen.
 - C om professionele advies of bystand aan 'n kliënt te bied.
 - D die vermoë om die gehalte van jou werk teen sekere kriteria te beoordeel.
17. Waarom is goeie kommunikasie tussen onderskeie besigheidsfunksies belangrik?
- A Sodat niemand lyftaal hoef te gebruik nie.
 - B Sodat disfunksionele konflik tot nuwe sake-idees kan lei.
 - C Sodat mededingers sal weet wat in die besigheid gebeur.
 - D Omdat besigheidsfunksies mekaar direk of indirek beïnvloed.

BESIGHEIDSEKTORE

18. Onderskei tussen primêre en sekondêre sektor aktiwiteite.
- A Die primêre sektor behels die produksie van finale produkte wat deur die sekondêre sektor gebruik word in die herwinning van grondstowwe.
 - B Die primêre sektor behels die verkoop van goedere wat in die sekondêre sektor geproduseer word.
 - C Die sekondêre sektor behels die ontginning van natuurlike hulpbronne, terwyl die primêre sektor op die verspreiding van hierdie natuurlike hulpbronne fokus.
 - D Die primêre sektor behels die ontginning en produksie van grondstowwe wat deur die sekondêre sektor in die produksie van finale produkte gebruik word.
19. Die BBP (Bruto Binnelandse Produk) van 'n land is 'n aanduiding van die _____ van 'n land.
- A ekonomiese stabiliteit
 - B ekonomiese groei
 - C politieke onstabiliteit
 - D sosiale welstand
20. Watter een van die volgende sektore lewer die grootste bydrae tot die Suid-Afrikaanse BBP?
- A Landbou
 - B Mynbou
 - C Vervaardiging
 - D Vervoer
21. Watter van die volgende besighede sou jy onder die sekondêre sektor klassifiseer?
- A 'n Olie-eksplorasiemaatskappy.
 - B 'n Kommersiële plaas.
 - C 'n Taxi-vervoerbesigheid.
 - D 'n Skoenvervaardiger.
22. Die regering besit al die sake-departemente en organisasies in die _____ sektor.
- A primêre
 - B informele
 - C privaat
 - D openbare
23. Onder watter ekonomiese aktiwiteit sal gevorderde en gespesialiseerde intellektuele beroepe soos denke, navorsing en die ontwikkeling van nuwe idees gegroepeer word?
- A Primêre
 - B Sekondêre
 - C Tersiere
 - D Kwaternêre (Vierdelige sektor)

24. 'n Mikro besigheid sal:
- A minder as 10 mense in diens neem.
 - B 10 tot 49 mense in diens neem.
 - C 50 tot 249 mense in diens neem.
 - D 250 of meer mense in diens neem.

ENTREPRENEURSKAP

25. 'n Entrepreneur moet die besigheid se teikenmark identifiseer. 'n Teikenmark is 'n groep _____ waarop die _____ bemarkingspogings en uiteindelik produkte/dienste mik.
- A maatskappye, besigheid
 - B maatskappye, navorsing
 - C kliënte, besigheid
 - D besighede, kliënt
26. 'n Kombinasie van _____ word benodig om 'n besigheid suksesvol te bestuur.
- A entrepreneurskap, kapitaal, natuurlike hulpbronne en arbeid
 - B entrepreneurskap, lening, toerusting en handelsvoorraad
 - C bestuur, werkers, kapitaal en stoorkamers
 - D eienaars, kapitaal, rekenaartoerusting en natuurlike hulpbronne
27. 'n Entrepreneur moet 'n besigheidsplan saamstel voordat 'n besigheid begin kan word. Watter van die volgende moet NIE by 'n besigheidsplan ingesluit word nie?
- A Bemarkingsplan – omskryf die teikenmark.
 - B Bedryfsplan – fokus op fasiliteite, vervaardiging en toerusting.
 - C Finansiële plan – dui die hoeveelheid aanvangskapitaal wat benodig word aan.
 - D Strategiese plan – bekendmaking van belangrike intellektuele eiendom.
28. Navorsing voorsien entrepreneurs van inligting wat hulle help om _____ besluite te neem.
- A lewensvatbare
 - B uitvoerbare
 - C winsgewende
 - D al die bogenoemde
29. Wanneer 'n besigheid begin word moet 'n entrepreneur fondse bekom. Watter opsie is NIE 'n voorbeeld van geleende kapitaal nie?
- A Kapitaal wat herbelê is.
 - B Verbandlening.
 - C Oortrokke bankrekening.
 - D Skuldbriewe.
30. Watter van die volgende is NIE 'n eienskap van 'n entrepreneur nie?
- A 'n Entrepreneur moet verandering weerstaan.
 - B 'n Entrepreneur kan met mense werk.
 - C 'n Entrepreneur is bereid om risiko's te neem.
 - D 'n Entrepreneur is selfgemotiveerd.